

Die buigsamheid van demokratiese verkiesings in Afrika: Manipulasie in belang van faksiebeskerming of mensgerigte veiligheid?

Andreas Velthuisen

Andreas Velthuisen, Thabo Mbeki African School for Public and International Affairs,
Universiteit van Suid-Afrika

Opsomming

Die doelstelling van die artikel is om te bepaal of verkiesingsmanipulasie deur heersers in Afrika die welsyn van alle mense (burgers van die staat en andere) in die staat bevorder, of slegs die belange van mense wat deel vorm van 'n heersersfaksie. Om hierdie doel te bereik, word tersaaklike teoretiese begrippe soos *verkiesingsdemokrasie*; *verteenwoordigende demokrasie*; *liberale demokrasie*; *sosiale demokrasie*; *oligargiese diktatuur*; *demokratiese verkiesings*; *nasionale veiligheid*; *mensgerigte veiligheid*; *sekurokrisering*; *desekurokrisering* en *stabilisering* bespreek om 'n raamwerk daar te stel vir toepassing op die Afrikakontekste en Suid-Afrika as 'n spesifieke gevallestudie.

Op grond van 'n literatuurstudie en vertolkings gegrond op persoonlike waarnemings onder verskillende omstandighede, het ek bevind dat liberale demokrasie volgens Westerse verwagtinge, waar mensevryhede grondwetlik gewaarborg is (soos in die VSA en Europa), in Afrika nie volle wasdom bereik het nie. Alhoewel verkiesings volgens internasionaal aanvaarbare beginsels plaasvind en verkiesingsbedrog of manipulasie onwettig is, mik heersers daarop om eerstens die belange van hul getroue ondersteuners te beskerm en die welvaart van al die burgers van die staat is nie die hoofoorweging nie (soos in Zimbabwe, Uganda, Nigerië en Egipte). State soos dié slaag nie daarin om armoede en gewelddadige konflik te bekamp nie en val eerder terug op verkiesingsmanipulasie om ten alle koste aan bewind te bly, in die wete dat die ondersteuning van die meerderheid burgers van die staat nie gewaarborg is nie en die risiko bestaan om 'n verkiesing te verloor. Manipulerende aktiwiteite gaan gepaard met verandering in wetgewing (soos byvoorbeeld in Egipte), manipulasiestrategieë wat uitsluitingstaktiek (soos byvoorbeeld in Ghana en Tunisië), intimidasie en geweldpleging (soos byvoorbeeld in Uganda en Zimbabwe) en selfs militêre ingryping insluit (soos gereeld in state in Wes-Afrika gebeur), asook onwettige knoeitaktiek op tegniese vlak (soos byvoorbeeld in Nigerië en Zimbabwe).

Daarmee saam hang pogings om op grond van etniese sentimente en ideologiese lojaliteite steun te mobiliseer (soos byvoorbeeld in Suid-Afrika, Tanzanië en Zimbabwe).

Trefwoorde: demokratiese verkiesings; desekuroktratisering; liberale demokrasie; mensgerigte veiligheid; nasionale veiligheid; oligargiese diktatuur; sekuroktratisering; sosiale demokrasie; stabilisering; verkiesingsdemokrasie; verteenwoordigende demokrasie

Abstract

The flexibility of democratic elections in Africa: Manipulation in the interests of factional protection or people-oriented security?

The discussion starts off with the assertion that many states in the world, including some African states, are no longer fully complying with the requirements of free, fair, and valid democratic elections. The question arises as to whether democratic electoral processes in some states in Africa can still be in the interest of the well-being of all the people in a state. The aim of the article is, therefore, to determine how electoral manipulation by rulers in Africa promotes the interests of a ruling faction instead of the well-being of all people in the state (citizens of the state and others). To achieve this aim, the discussion analyses theoretical concepts applicable to the discussion: *democratic elections; de-securitisation; liberal democracy; human security; national security; oligarchic dictatorship; social democracy; electoral democracy; representative democracy; securitisation; and stabilisation.*

The author applies these concepts to different African contexts by referring to examples of electoral manipulation, including the case of South Africa as a liberal-democratic state in Africa. The discussion focuses on the underlying issues of electoral manipulation in Africa, in such a way that the article makes a contribution to political science as a general academic discipline and specifically to related disciplines such as public policy, peace studies, and security studies. The intention is also that the article will contribute to the strategic thinking of practitioners involved in avoiding and managing conflict while searching for solutions amid autocratic and oligarchic challenges.

The author argues that a political ruling class has emerged in African states to protect the interests of their loyal supporters first. In these cases, the prosperity of all the citizens of the state is not the main consideration and ruling class governments do not succeed in addressing poverty and violent conflict. Incumbent governments rather fall back on electoral manipulation and intimidation to stay in power in the face of losing power through democratic elections. Election manipulation can be a combination of a change in legislation, manipulation strategies that include exclusionary tactics, intimidation, violence and even military intervention, as well as illegal tampering tactics at the technical level.

Indications are that autocratic states rely heavily on ethnic sentiments and ideological loyalties to consolidate a political ruling class. This argument is supported by the integration of literature research over a period of several years, own views based on the interpretation and physical observation of elections in Africa at different times and different settings over the past 40 years, as well as participation in conferences and training programmes over the past decade.

The discussion makes special reference to the work of experts from Africa, who base their knowledge on research conducted within the African field of knowledge to soften the usual dominant views from the Western world. This mitigation is done without ignoring valuable work by experts from outside Africa. The author expands on how democratic elections are manipulated and electoral fraud is committed by autocratic governments in Africa, without claiming that fraud takes place in all African states. In the discussion, events such as the Arab Spring that began in 2010 in North Africa and the Middle East were taken into account.

The author found that liberal democracy, according to Western expectations, where human freedoms are constitutionally guaranteed (as in the US and Europe), has not reached full maturity in Africa. Although elections are held according to internationally accepted principles, and election fraud or manipulation is illegal, rulers aim to eliminate political competition to protect the interests of their loyal supporters. In such cases, the well-being of all the citizens of the state is not the main consideration of rulers (as in Zimbabwe, Nigeria, and Egypt). In states like these, representative democracy is compromised and governments fail to address poverty and violent conflict. Rather, governments of the day fall back on election manipulation to stay in power at all costs, knowing that the support of the majority of citizens is not guaranteed and that incumbents can lose an election.

Manipulative activities are accompanied by changes in legislation (such as in Egypt), manipulation strategies involving exclusionary tactics (such as in Ghana and Tunisia), intimidation and violence that may even include military intervention (such as happens regularly in West African states), as well as illegal tampering tactics at the technical level (such as in Nigeria and Zimbabwe). At the same time, efforts are being made to consolidate a ruling class based on ethnic sentiments and ideological loyalties (such as in South Africa, Tanzania and Zimbabwe). The author predicts that tendencies towards oligarchic dictatorship in Africa will continue and that the public space will probably be increasingly dominated by a political ruling class. This new political class is likely to pursue material wealth for itself while the multifaceted inequalities that exist in African societies will not be successfully addressed. A political ruling class in Africa is likely to come increasingly into conflict with a neglected civil society. Incumbent governments will depend on control over the legal system, institutions such as electoral commissions, and security forces to manipulate elections and intimidate voters.

Expanding the discussion to South Africa as a specific case study, the author investigates the risk of election manipulation in South Africa by presenting a political background and cites recent election experiences as well as the approach of the current South African government. In the case of South Africa, he finds that there are no indications that the government of president Ramaphosa will seek to change electoral legislation, or that a manipulation strategy is unfolding. However, a risk remains that people inside and outside the state structures, with suitable technical capabilities, may be ready to tamper with or illegally manipulate election results. The risk of manipulation will increase if the ruling party develops the perception that it will lose the election or suffer unacceptable losses at the ballot box, in which case loyal party cadres will maintain control over state security mechanisms and be ready to intervene if necessary. It is therefore important that all citizens of states in Africa, including security observers and activists in the run-up to elections, develop mechanisms to observe and detect indicators such as an effort towards legislative changes, policy statements, manipulation strategies, tampering and interventions that entrench the interests of a ruling class during elections at the expense of the people.

Keywords: democratic elections; de-securitisation; electoral democracy; human security; liberal democracy; national security; oligarchic dictatorship; representative democracy; securitisation; social democracy; stabilisation

1. Inleiding

Verkiesingsknoeiery tydens nasionale verkiesings is niks nuuts in die wêreld waarin ons leef nie. Demokratiese gebruike soos die *demos*-vergadering of *ekklesia* is deur antieke Athene daargestel, maar het hedendaagse gebruike soos stemreg en politieke deelname deur burgers van beide geslagte in algemene verkiesings uitgesluit. Vandag is verkiesings, in die een of ander vorm, 'n demokratiese werklikheid en gegrond op wetlik omskrewe burgerskapsregte wat lede van die moderne staat saambind. Sedertdien het verskynsels soos outokratiese tendense en die menslike honger na politieke en ekonomiese mag egter die klassieke ideaal laat verwelk. Moderne kiesstelsels in liberale demokrasieë het in politieke manipulasie en knoeiery ontaard en hierdie paradigma het in Afrika posgevat vandat die eerste state die juk van kolonialisme in die 1960's afgeskud het om as onafhanklike nasiestate eie politieke heersers te verkies.

Ons sien dat talle state in die wêreld, insluitend Afrikastate, nie meer ten volle gehoor gee aan die vereistes vir vrye, regverdige en geldige demokratiese verkiesings nie. Die vraag ontstaan dus of demokratiese verkiesingsprosesse nog in belang van die welstand van al die mense in 'n staat kan wees.

Teen hierdie agtergrond is die doel van die artikel om te bepaal of verkiesingsmanipulasie deur heersers in Afrika die welsyn van alle mense (burgers en andere) in die staat bevorder, of slegs die belange van mense wat deel vorm van die heersersfaksie. Hierdie doel sal bereik word deur die bespreking te fokus op die onderliggende problematiek van verkiesingsmanipulasie in Afrika, op so 'n wyse dat dit 'n wesentlike bydrae lewer tot die politieke wetenskap as 'n algemene akademiese vakgebied en spesifiek tot verwante vakgebiede soos publieke administrasie, Afrikastudies en veiligheidstudies. Die bedoeling is ook dat dit sal bydra tot die denkraamwerk van praktisyns betrokke by die vermyding en bestuur van konflik op soek na oplossings vir gemeenskapsvraagstukke te midde van outokratiese en oligargiese uitdagings.

In hierdie artikel betoog ek dat 'n politieke heersersklas in Afrikastate ontstaan het wat ten doel het om eerstens die belange van hul getroue ondersteuners te beskerm. Die welvaart van al die burgers van die staat is nie die hoofoorweging nie en heersersklasregerings slaag nie daarin om armoede en gewelddadige konflik aan te pak nie, maar val eerder terug op verkiesingsmanipulasie en intimidasie om aan bewind te bly in die aangesig van magsverlies deur middel van demokratiese verkiesings. Manipulasie van verkiesings kan 'n kombinasie wees van verandering in wetgewing, manipulasiestrategieë wat uitsluitingstaktiek, intimidasie, geweldpleging en selfs militêre ingryping insluit, asook onwettige knoeitaktiek op tegniese vlak, terwyl swaar gerus word op etniese sentimente en ideologiese lojaliteite om 'n politieke heersersklas te konsolideer.

Hierdie betoog word ondersteun deur die integrering van literatuurnavorsing oor 'n tydperk van 'n paar jaar, eie beskouings gebaseer op die interpretasie van fisiese deelname aan en waarnemings van verkiesings in Afrika die afgelope 40 jaar, asook deelname aan konferensies en opleidingsprogramme die afgelope dekade. Die betoog word aangebied deur te begin by 'n

teoretiese raamwerk wat die begrippe wat in die artikel gebruik word toelig, gevolg deur 'n bespreking van verkiesingsmanipulasie in Afrika met spesifieke verwysing na Suid-Afrika as 'n gevallestudie.

2. Teoretiese raamwerk

Die teoretiese raamwerk word aangebied met spesiale verwysing na die werk van deskundiges vanuit Afrika, wat hul kennis grond op navorsing wat binne die Afrikakennisveld gedoen is om sodoende die gewone oorheersende siening vanuit die Westerse wêreld te versag. Hierdie versagting word gedoen sonder om waardevolle werk deur deskundiges van buite Afrika te ignoreer. In hierdie deel van die bespreking word die begrippe *verkiesingsdemokrasie*; *verteenwoordigende demokrasie*; *liberale demokrasie*; *sosiale demokrasie*; *oligargiese diktatuur*; *timokrasie*; *demokratiese verkiesings*; *nasionale veiligheid*; *mensgerigte veiligheid*; *sekurokrisering*; *desekurokrisering* en *stabilisering* aangebied.

2.1 Demokratiese verkiesings

Afkomstig van die Griekse woord *demokratia*, is daar breedweg konsensus dat die begrip *demokrasie* verband hou met volksregering. Dit verwys dus na 'n politieke stelsel waarin alle volwasse stemgeregtigde burgers van 'n staat die reg het, as deel van vele ander regte en vryhede, om hul owerheid periodiek aan verkiesings te onderwerp en aan te wys om oor hulle te regeer. Vir Afrika-filosowe soos Claude Ake (2000:7) is daar niks kompleks of verwarrend aan die begrip *demokrasie* nie: dit beteken “volksmag”, of “regering van die volk, vir die mense, deur die mense”. Die kern van demokrasie is 'n stelsel wat die mense in staat stel om op grond van kritiese politieke ondersoek te kies wie hulle moet regeer. Ake se tydgenoot Shadrack Gutto (2002:1) betoog dat noodsaaklike norme vir menseregte soos vryheid van beweging, vryheid van vreedsame vergadering, vryheid van assosiasie en vryheid van uitdrukking noodsaaklik is vir *verkiesingsdemokrasie*. Hierdie norme is die grondslag van institusionele vorme, politieke leierskap, struktuur van die regering asook die kulturele, sosiale en ekonomiese organisasie wat lewensgehalte bepaal en definieer. 'n Stelsel wat op demokratiese norme gebaseer is, is dus essensieel vir die verkiesing van 'n regering deur die mense in 'n staat.

Onderskeid word gemaak tussen *indirekte demokrasie* en *direkte demokrasie*. Indirekte demokrasie is 'n soort demokratiese regering waarin kiesers afgevaardigdes kies om namens die regering wette te skep en daar word ook daarna verwys as *verteenwoordigende demokrasie*. Indirekte demokrasie word gewoonlik gekontrasteer met direkte demokrasie. In direkte demokrasie stem mense direk oor 'n kwessie of aanvaarding van 'n wet, maar in indirekte demokrasie kies mense net die verteenwoordigers wat dan die wet sal maak. Regerings, parlamente en partye is sleutelrolspelers in verteenwoordigende demokrasie, maar speel ook 'n sentrale rol en beheer die direkte demokratiese prosesse. Direkte demokrasie verswak nie noodwendig verteenwoordigende demokrasie nie. Hierdie stelsel word effektief in Switserland toegepas (Lutz 2006:45).

In 'n demokratiese bestel is die verkiesing van regeerders die kernpunt. Schumpeter (1976:22–3) wys uit dat in die moderne staat die magtigste besluitnemers gekies word deur middel van regverdige, eerlike, periodieke verkiesings waarin kandidate vryelik meeding om die stemme

van die volwasse bevolking. Dit is ook die moderne definisie en uiteensetting van demokrasie wat gedurende die 20ste eeu deur deskundiges aanvaar is. Schumpeter (1976:270) beklemtoon dat kreatiewe politieke leierskap die resultaat van suksesvolle verkiesings is en dat lewenskrachtige leierskap erken moet word. Die mate van inisiatief wat in die klassieke teorie van die kiesers verlang word, is onrealisties en die rol van politieke leierskap kan nie geïgnoreer word nie. Mededinging om leierskap is dus die grondslag van demokratiese verkiesings.

Schumpeter (1976:282) bevind dat, alhoewel dit die rol van die burgers van 'n staat is om na afloop van demokratiese mededinging 'n regering saam te stel vir politieke leierskap, wetgewing in 'n demokratiese stelsel deur politici opgestel word wat dan ook staatsake bestuur. Ongelukkig ontwikkel hierdie politici die begeerte om hul politieke posisies te handhaaf en te verbeter, wat ontaard in 'n stryd om mag en amp wat wel die sosiale doel dien, maar aan magsmededinging onderhewig is. Demokratiese norme word dus nie konsekwent deur verkose leiers nagevolg nadat hulle verkies is nie.

'n Uiteensetting van die ontwikkeling van demokrasie deur Huntington (1997:3–12) beskryf hoe die eerste golf van demokratisering, wat vroeg in die 19de eeu begin het, teen 1930 gelei het tot die “triomf” van demokrasie in ongeveer 30 state in die wêreld. Hernude outoritarisme en die toename in fascisme in die 1920's en 1930's het egter teen 1942 die aantal demokrasieë in die wêreld tot 12 verminder. Die tweede, kort golf van demokratisering na die Tweede Wêreldoorlog het weer 'n toename in die aantal demokrasieë in die wêreld gesien. Dit is egter die derde golf van demokratisering wat tydens die 1960's in Portugal begin het, wat vinniger plaasgevind het as die vorige twee golwe ondanks die bestaan van outoritêre regerings, kommunistiese politburo's, militêre jantas en persoonlike diktature gedurende die 1970's. Teen 1997 was daar meer as 60 state wat as demokraties beskou kon word weens die een of ander vorm van openbare, regverdigende en mededingende verkiesings wat in hierdie state plaasgevind het. Teen die einde van die 20ste eeu het honderde miljoene mense, wat voorheen onder tiranne gely het, demokratiese vryhede geniet wat die waarskynlikheid van interstaatlike konflik verminder het. Die belangrikste uitkoms van die derde golf was egter om die universele toepassing van demokrasie in die Westerse beskawing te verseker en tin ander wêrelddele te bevorder.

Huntington (1997:7) verwys spesifiek na *liberale demokrasie* as 'n Westerse produk wat gewortel is in die begrip *individuele menswaardigheid*. Huntington verwerp die siening dat liberale demokrasie onmoontlik buite Westerse state is en wys uit dat daar vele ander state is waar liberale demokrasie gevestig is. Liberale demokrasie of *verkiesingsdemokrasie* is versoenbaar met nie-Westerse kulture waar Westerse beïnvloeding plaasgevind het. Huntington verwys na Suid-Afrika as 'n voorbeeld. Hy erken egter dat Westerse invloed in Moslemstate en die Arabiese hartland van Islam en China beperk is. In hierdie state hang menseregte en vryhede van die regering af. Harmonie en samewerking word verkies bo meningsverskil en kompetisie. Die handhawing van orde en respek vir hiërargie word as sentrale waardes beskou. Konflik van idees tussen groepe en partye word as 'n bedreiging beskou en demokrasie word ontwikkel om eerder konsensus te bereik as om vrye keuse toe te laat. Huntington glo dat groter klem gelê moet word op wat hy noem die transformasie van verkiesingsdemokrasieë om te ontwikkel in liberale demokrasieë en om 'n internasionale gemeenskap van liberale demokrasieë te ontwikkel waarin burgerlike organisasies saam met staatsinstellings verbind is tot die uitbreiding van demokrasie. Ons sien dus dat die toepassing van demokrasie van plek tot plek in die wêreld verskil en dat state verskillende voorkeure het

oor hoe verkiesingsdemokrasie toegepas kan word sonder om noodwendig gehoor te gee aan die oproep om liberale demokrasie universeel toe te pas.

Nelson (2018:314) stel dit soos volg:

Eerstens is die konsolidering van demokrasie nooit 'n afgehandelde of voltooide taak nie, maar 'n voortdurende proses van versterking en verstewiging van die demokratiese orde of stelsel. Tweedens word die konsolidering van demokrasie, benewens die rol van politieke partye en verkiesings, deur etlike ander grondliggende faktore bepaal.

Ake (1996:129–32) is ook daarvan oortuig dat Afrika iets meer as 'n “verarmde” liberale demokrasie vereis omdat dit die idee skeep dat die mense van 'n staat effektiewe besluitnemingsmag het. Vervolgens stel hy 'n *sosiale demokrasie* voor wat klem plaas op konkrete politieke, sosiale en ekonomiese regte, in teenstelling met liberale demokrasie wat abstrakte politieke regte beklemtoon.

Volgens 'n ander Afrikafilosoof Archie Mafeje (2002:11) is dit moontlik om klassieke demokrasieë soos liberale demokrasie en sosiale demokrasie gelyktydig te handhaaf. Hy brei verder daarop uit (1998:8) deur te noem dat sosiale demokrasie oral in die wêreld 'n dringende saak geword het en verwys na 'n “siek” Asië en Oos-Europa wat teen die einde van die vorige eeu verbrokkel het asook 'n krisisgeteisterde Afrika. Teen hierdie agtergrond wys hy uit dat sosiale demokrasie die billike verdeling van mag en lewensmiddele behels in 'n samelewing wat vatbaar is vir plaaslike inisiatiewe en meganismes vir implementering in die belang van die welstand van alle mense in die staat. In die hedendaagse Afrikageskiedenis kom dit die beste tot uiting in die eise van die “populêre beweging vir demokrasie” wat onderdrukking, materiële ontneming en burokrasiese oplegging betwis. Die veronderstelling van sosiale demokrasie is dat daar 'n burgerlike samelewing buite die staat en sy burokrasie bestaan, wat in staat is om 'n diktatuur omver te werp.

Dit is egter nie so maklik om van diktature ontslae te raak nie. 'n Diktatuur is 'n regeeringsvorm wat gekenmerk word deur 'n enkele leier ('n outokraat) of groep leiers wat min of geen verdraagsaamheid vir politieke pluralisme of onafhanklike programme of media het nie. Daarom is 'n *diktatuur* of *outokrasie* nie vorme van demokrasie nie. (Ezrow 2011:17). Michels (2001:225) verwys na *oligargie* as 'n universele verskynsel waar mag in politieke elites gesetel is wat 'n minderheid van die bevolking is. Hierdie elites vorm magstrukture om in eiebelang op te tree. Daar is min verskil tussen 'n individuele diktatuur en 'n oligargie en albei verskynsels vorm 'n direkte antiese met demokrasie. 'n *Oligargiese diktatuur* is 'n vermenging en assimilering van heersers behorende aan verskillende en selfs opponerende belangegroepes.

Minderheidsgroeperinge afkomstig van die bourgeoisie of die werkersklas verenig hul ekonomiese en sosiale belange, oefen beheer uit oor magsinstrumente van die staat en sal alles moontlik doen om die beheer te behou. In hierdie verband verwys Ramose (1999:5) spesifiek na die bestaan van *timokrasie* as 'n vorm van oligargie, waar slegs eiendomsbesitters aan die regering mag deelneem, óf 'n regering waar regeerders gekies word en/of voortgaan om te regeer op grond van die status relatief tot ander in hul samelewing, portuurgroep of klas.

Michels (2001:225) voer aan dat die verskynsel van 'n “dominante” of “politieke” klas onbetwisbaar is en 'n samelewing nie daarsonder kan bestaan nie. Die beginsel dat een dominante klas onvermydelik is, lei tot 'n “wet” dat oligargie 'n kombinasie van mededingende sosiale

kragte is wat tot die oorheersing van 'n politieke klas lei. Volgens hierdie siening moet die regering, of die staat waarin dit funksioneer, niks anders as 'n minderheidsorganisasie wees nie wat die “regsorde” vir die res van die samelewing bepaal. Die gevolg is uitbuiting van die massa wat net die voetstuk is van 'n regerende minderheid wat nie verteenwoordigend van die meerderheid is nie. Weerstand teen uitbuiting bereik 'n hoogtepunt wanneer burgers van die staat poog om die heersers van mag te ontnem (Michels 2001:233–4). Dit blyk dus dat weerstand teen 'n oligargiese diktatuur deur 'n burgerlike samelewing, soos aangevoer deur Ake en Mafeje en andere, 'n opsie is om “die wet van Michels” te oorbrug. Die vraag is hoe weerstand op 'n demokratiese wyse kan plaasvind.

Demokratiese verkiesings, wat volgens internasionaal aanvaarbare beginsels plaasvind, is noodsaaklik om ondemokratiese neigings teen te staan. Beginsels vir demokratiese verkiesings skryf voor dat alle stemgeregtigde burgers van die staat die reg het om deel te neem aan die regering en die uitvoering van openbare sake van hul state. Hierdie voorskrif is vervat in Artikel 21 van die Universele Verklaring van Menseregte en Artikel 25 van die Internasionale Verbond oor Burger- en Politieke Regte (ICCPR). Geldige verkiesings word deur inklusiwiteit, onpartydigheid, onafhanklikheid, integriteit, deursigtigheid, professionaliteit en die strewende na operasionele uitnemendheid gekenmerk. Die sleutelbeginsels van inklusiwiteit, deursigtigheid en aanspreeklikheid is byvoorbeeld deel van internasionale menseregte wetgewing, wat bepaal dat hierdie beginsels noodsaaklik vir demokratiese verkiesings is en wat belangrike leiding verskaf wanneer die breër raamwerk van kieswetgewing aangespreek word.

Die beginsels help om regverdigheid te verseker, openbare vertroue te bevorder en fundamentele elemente van 'n wetlike raamwerk daar te stel. As voorbeeld is die beginsel *inklusiwiteit* 'n sentrale oorweging in die keuse van 'n staat se kiesstelsel en is dit van toepassing op die ontwikkeling van die kombinasie van wette wat die regsraamwerk vir verkiesingsprosesse vorm. Net so is die beginsel van gesag van regering wat voortspruit uit die wil van die burgers – uitgedruk deur universele en gelyke verkiesing – 'n voorvereiste wat gerespekteer moet word. Artikel 25 van die ICCPR vereis dat elke burger dus voorsien moet word van die reg en die geleentheid, sonder diskriminasie op grond van ras, geslag, godsdiens, taal, eiendom of politieke of ander opinie en sonder onredelike beperkings, om te stem en verkies te word deur geldige, periodieke verkiesings, deur universele en gelykwaardige geheime stemming, met die vrye uitdrukking van die wil van die kiesers as waarborg. Dit is belangrik dat burgers veilig voel om hierdie regte uit te oefen.

Die teorie van demokratiese verkiesings lei ons om bepaalde aspekte daarvan te ontleed. 'n Tema wat sterk na vore tree is die noodsaaklikheid van weerstand om 'n oligargiese diktatuur (“die wet van Michel”) deur middel van hetsy liberale demokrasie of sosiale demokrasie te oorbrug. Handhawing van die demokratiese ideaal vereis weerstand teen oligargiese neigings, insluitend deur organisasies in die burgerlike samelewing wat buite parlementêre prosesse om politieke leierskap meeding. 'n Tweede tema wat verder ontleed sal word, is hoe verkose magshebbers te werk gaan om politieke mag te behou, insluitend manipulasie van verkiesings, bevoordeling van etniese en belangegroepes, kompromittering van verteenwoordiging en konsensus in politieke besluitneming, asook die implikasies daarvan vir nasionale en mensgerigte veiligheid.

2.2 Nasionale veiligheid en mensgerigte veiligheid

Nasionale veiligheid verwys na die bekamping van pogings om 'n staat te ondermyn in die staat se strewe om soewereiniteit, onafhanklike identiteit, funksionele integriteit en oorlewing te handhaaf deur die staat teen vyandige magte te beskerm. Sodoende fokus state op toestande wat hul bestaan bedreig. As hierdie bedreigings beduidend is, wend die state hulle tot noodoptrede en uitsonderlike maatreëls soos die gebruik van geweld om die bedreiging teen te werk. Nasionale veiligheid is deel van die politieke dinamika van enige staat. 'n Gewilde hedendaagse siening is dat nasionale veiligheid ook mensgesentreerd moet wees, en nie net na die belange van die staat moet omsien nie. Daar word na die beskerming en bemagtiging van individue verwys as *mensgerigte veiligheid*, wat beteken dat veiligheid meestal van toepassing is op alle mense teenwoordig in die staat, nie net burgers van die staat nie (UNDP 2009).

State, as boustene vir binnelandse en globale veiligheid en stabiliteit, is steeds 'n wêreldwye praktyk wat deur die meeste mense aanvaar word. In sulke state is die strafregstelsel (polisie, regstelsels en korrektiewe diens/gevangenisdiens), die weermag en die intelligensiegemeenskap instrumente van nasionale veiligheid. Die verantwoordelikheid van hierdie instellings is om burgers teen fisiese bedreigings en ander misbruik te beskerm volgens die statute, norme, waardes en beginsels van doeltreffendheid, 'n verwysingsraamwerk wat in die individuele, nasionale en internasionale konteks oorvleuel. Mense kan nie teen die risiko van ernstige ontbering, besering of dood beskerm word sonder dat die staat verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie. State is dus verantwoordelik vir die veiligheid van elke persoon in 'n staat en die gemeenskappe waarin hulle woon, om hulle in staat te stel om 'n veilige lewe te lei. Daarom bly die staat die primêre verskaffer van veiligheid (Cilliers 2016:10–1).

Teoretiese beskouings oor nasionale veiligheid en mensgerigte veiligheid bevestig dat verkose leiers nie hul verantwoordelikheid teenoor alle mense binne die staat kan vermy nie. Dit lei tot 'n belangrike tema: Hoe gaan politieke heersers te werk om die nasionale veiligheidsbeginsel as verskoning te gebruik om politieke mag te behou?

2.3 Sekurokrisering, desekurokrisering en stabilisasie

Volgens Vreÿ en Solomon (2020) kan die reaksie van 'n staat teenoor 'n bedreiging deels verklaar word deur middel van sekurokriseringsteorie, hoofsaaklik eksistensiële spraak-handeling, maar ook ten opsigte van buitengewone sekuriteitsmaatreëls. Die rimpeleffek van sekurokrisering in samelewings is onvoorspelbaar en is sigbaar in die manier waarop leiers beheermaatreëls toepas om wilsbesluite deur middel van die polisie en selfs militêre agent-skappe af te dwing.

Hierdie siening is in navolging van die Kopenhagen-denkrigting wat aanvoer dat 'n staat sekurokrisiseer wanneer 'n regering onveiligheid of bedreigings teen sy bestaan as 'n bedreiging vir die oorlewing van 'n spesifieke belangegroep voorlê. In hierdie geval word 'n veiligheidsbedreiging as 'n absolute prioriteit bo enige ander probleem beskou om die toepassing van uitsonderlike maatreëls te regverdig en te legitimeer. In uiterste gevalle word spesifieke retoriek deur heersers wat doelbewus veiligheidsprobleme hanteer om hul eie belange te dien, gebruik om enige situasie te verpolitiseer (Waeber 1989:6). Besluitmakers poog om 'n gehoor te oortuig dat 'n saak bo die politiek verhewe is om hul oorlewing te verseker. Sekurokrisering is egter 'n uiterste weergawe om veiligheidskwessies te verpolitiseer (Buzan 1998:11–26).

Sekurokrisering hou gevaar in vir enige vorm van demokrasie. In die konteks van sekurokrisering verwys 'n eksistensiële bedreiging na die bestaan van maksimum gevaar vir die staat en vereis moontlik onbeperkte stryd en opoffering. Buitengewone maatreëls mag die gebruik van geweld insluit. Afgesien van militêre optrede, kan maatreëls gepaard gaan met gewelddadige politieke, sosiale en ekonomiese onrus. Die politiek van sekurokrisering ondermyn demokrasie, veral as buitengewone maatreëls in uitsonderlike omstandighede normaal begin raak (Agamben 1999:50). Die Parys-denkrigting oor sekurokrisering (Bigo 2010:388–420) waarsku dan ook dat uiterste sekurokrisering demokratiese beginsels vernietig, deurdat individuele vryhede ('n fundamentele mensereg en sentraal tot die demokrasie) aan bande gelê word. Veiligheidsmaatreëls en praktyke moet nie beginsels in gevaar stel wat tot 'n totalitêre of toesigstaat sal lei nie. In plaas daarvan moet 'n balans tussen veiligheid en vryheid gehandhaaf word, met die fokus op die mate van bykomende veiligheid wat benodig word sonder om individuele vryhede te beperk.

Buitengewone maatreëls kan stabilisasie insluit wat 'n aggressiewe weergawe van sekurokrisering is. Stabilisasie beteken dat staatstrukture deur 'n veiligheidslens na situasies kyk. Dit is waar stabilisering die wettige en hoofstroomaktiwiteit in 'n spesifieke ideologiese omgewing en politieke ekonomie word (Booth en Wheeler 2007:5). 'n Toename in geweld vereis stabiliserende bedrywighede. Burgerlike, militêre en polisie-rolspelers word ontplooi om plaaslike veiligheid te handhaaf en geleenthede vir die veiligheidsmagte van die staat te skep om die veiligheidsbedreiging te bekamp (British Army Stabilization Unit 2009).

Stabilisasie spruit uit konserwatiewe leerstellings en behels agendas deur 'n staat wat poog om beheer oor die samelewing uit te oefen en kiesersdeelname te verminder, staatsbeheer oor ekonomiese of sosiale beleid uit te oefen, asook institusionele metodes aan te wend om kreatiewe, vernuwendende weerstand en pluralisme uit te sluit. Stabilisasie verhoed ook nasiebou, goeie bestuur en die ontwikkeling van 'n samelewing waar belangegroepe mekaar in 'n gees van respek akkommodeer deur middel van diplomatie en beleefdheid om konflik te versag, eerder as om oorlog te maak (McGinty 2012:20–30).

Die teenoorgestelde van sekurokrisering is desekurokrisering, wat Kasim (2013) beskryf as 'n eksplisiete verandering in die wyse waarop gesprekvoering as 'n deurlopende proses binne 'n staat plaasvind om te beweeg na minder militêre en gewelddadige benaderings. Desekurokrisering word gekenmerk deur die stabilisering van verhoudings tussen teenstanders en die vind van politieke oplossings om bedreigings te hanteer. Herartikulasie van die konflik vind plaas, waartydens opposisiepartye aanvaar dat 'n geskil opgelos kan word deur samewerking, akkommodasie en onderhandeling om gesamentlike belange en politieke visies te dien. Buzan (1990:432–3) beskryf desekurokrisering as 'n verskuiwing in die wyse waarop kwessies opgelos word, van 'n krisisbenadering tot 'n bedingingsproses wat in die politieke sfeer plaasvind. Williams (2003:511–6) beaam dat desekurokrisering met die demokratiese politiek van deursigtigheid en openbare ondersoek ooreenstem. In 'n situasie van buitengewone maatreëls is desekurokrisering 'n uitweg om demokratiese gedrag te herstel en is dit die soort politiek wat mense verkies. Wil mense politiek van buitengewone maatreëls hê of wil mense langsame demokratiese prosedures hê wat betwis kan word?

Literatuur oor sekurokrisering, desekurokrisering en stabilisasie wat met demokratiese verkiesings verband hou dui daarop dat sekurokrisering 'n algemene wyse is waarop regerings demokratiese praktyke, soos openbare debat, so demp dat 'n verkiesingsproses nie meer as demokraties beskryf kan word nie. Ongelukkig ontaard die uitoefening van demokratiese

vryhede soms in geweldpleging. Stabilisering van die situasie is dan die hoofdoel om 'n krisis op te los en as uitsonderlike omstandigheid te hanteer. Die demokratiese gebruik (in sowel sosiale as liberale demokrasie) is dan om veiligheidsmagte binne 'n regsraamwerk aan te wend terwyl 'n bedingingsproses tussen mededingende groeperinge plaasvind. 'n Veiligheidsstrategie word gevolg sonder om individuele vryhede onnodig aan bande te lê (soos wat gereeld in state soos Suid-Afrika en toenemend in die VSA ondervind word). Stabilisering kan egter (maar nie noodwendig nie) in 'n oligargiese of diktatoriale wanpraktyk ontaard wanneer 'n regering beheermaatreëls toepas en veiligheidsmagte aanwend om, as 'n normale deurlopende aktiwiteit, die politieke belange van faksies in 'n regering te bevorder ten koste van die demokratiese vryhede van 'n bevolking. 'n Hedendaagse empiriese voorbeeld hiervan is die wyse waarop die Chinese regering op politieke aktiwiteite in Hong Kong toeslaan.

2.4 Die rol van veiligheidsmagte tydens demokratiese verkiesings

Volgens Huntington (1957:11) se invloedryke studie oor burgerlik-militêre verhoudings, het die staat tydens die twee wêreldoorloë van die 20ste eeu op militarisme gefokus. Huntington beskryf militêre professionaliteit as 'n wedersyds bindende verhouding tussen die samelewing en sy militêre professionele persone met die verstandhouding dat in 'n burgerlik-militêre verhouding amptenare hul pligte vervul deur te voldoen aan die beleid van die staat en die regering. Terwyl groot omsigtigheid benodig word om die teorieë van Huntington op die Suid-Afrikaanse konteks en hedendaagse globale denke toe te pas, moet ons tog kennis neem van sy standpunte oor militêre professionaliteit en dit binne konteks na waarde skat.

Hierdie standpunt word deur die militêre professie in demokratiese state gehuldig, soos byvoorbeeld Blair (2012:3–15) wat aandui dat in 'n ideale demokrasie gewapende magte trou betoon aan al die burgers van die staat, en weier om gesien te word as ondersteuners van 'n individuele politikus, politieke party, etniese groep of godsdienstige faksie. Die gewapende magte volg die bevel van 'n vrye en regverdig verkose regering, met die handhawing van die missie om hul staat te verdedig en die mense wat daarin woon, te beskerm. In die geval van die ontplooiing van militêre magte om geweld in die staat te onderdruk, is dit vir 'n beperkte tyd ter ondersteuning van ander regeringsdepartemente, streng in ooreenstemming met die bepaling van 'n grondwet en ander wetgewing.

Ongelukkig word regimes in baie state deur die gewapende magte ondersteun om hulle aan bewind te hou. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die weermag nie die enigste veiligheidsmag is wat binne 'n demokrasie funksioneer nie. 'n Strafbestelsel, bestaande uit 'n bevoegde polisiemag en 'n onafhanklike regbank, moet verantwoordelik wees vir die waarborg van demokratiese vryhede. Die waarde van die betrokkenheid van veiligheidsmagte in verkiesings hang af van hul kennis om die beveiligingsbehoefte van die verkiesingsproses te hanteer (gedragsvereistes); die wettigheid van hul deelname; die vermoë om die vereiste dienste te voorsien (bevoegdheidsvereistes) en die beskikbaarheid van finansiële, materiële en menslike hulpbronne vir die taak (hulpbronvereistes). Die ontoereikendheid van veiligheidsmagte kan ernstige negatiewe gevolge vir die veiligheid van die verkiesingsproses hê, dit in gevaar stel, of dit onmoontlik maak om 'n gepaste beeld te projekteer, wat tot misverstand tussen mense kan bydra. Oormatige ontplooiing van veiligheidsmagte kan kiesers bedreig laat voel (Hounkpe en Gueye 2010:31–2).

Dit is belangrik dat veiligheidsmagte met verkiesingskommissies saamwerk, soos byvoorbeeld die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) in Suid-Afrika. Verkiesingskommissies is

veronderstel om beheer en toesig oor alle verkiesingsbedrywighede uit te oefen en die take van die veiligheidsmagte te bepaal. Die navorsing van Hounkpe en Gueye (2010:37) dui egter daarop dat samewerking tussen verkiesingskommissies en die veiligheidsmagte 'n uitdaging is, veral wat die tydige en akkurate beoordeling van die veiligheidsituasie en bepaling van veiligheidsbehoefte en inligtingbestuur betref.

Professionele veiligheidsmagte is daartoe in staat om verkiesings te beveilig, maar dit kan die verkiesing beslissend beïnvloed ten gunste van die heersende regerings en hul internasionale vennote, terwyl die politieke opposisie onderdruk word. Gegronde op die fundamentele aanname dat veiligheidsmagte primêr verantwoordelik is vir die welstand van alle burgers in die staat en dat verdere vooruitgang slegs kan plaasvind as alle burgers van die staat kan stem, moet die beginsels van burgerlike eienaarskap, wettigheid, moderering van sekurokratisering en stabilisering, verkiesingsintegriteit en die de-artikulering van geskille gehandhaaf word (Velthuisen 2019:204).

Bogenoemde sieninge oor die rol van veiligheidsmagte bevestig die noodsaaklikheid van veiligheidsmagte tydens demokratiese verkiesings. Die ontplooiing van die magte moet egter volgens bepalings van die grondwet (waar dit bestaan soos in Suid-Afrika) en ander wetgewing plaasvind. Verder behoort veiligheidsmagte mense nie af te skrik om aan die politiek deel te neem en onder andere te stem nie. Veiligheidsmagte moet ook tydens ontplooiing die algemene welstand van mense in die staat handhaaf. Dit is van kardinale belang om stabiliseringsmaatreëls, waarin die rol van verkiesingskommissies en burgerlike organisasies onafhanklik is van mededingende partye, te modereer. Verder word prosedures en meganismes vereis om verkiesingsgeskille te de-artikuleer sodat die geskille nie in geweldpleging ontaard nie. Uiteindelik moet alle vredesoekende burgers van die staat gemaklik met die rol van veiligheidsmagte voel en met die regeringsbesluit saamstem. Die fundamentele maatstaf vir die aanwending van veiligheidsmagte tydens demokratiese verkiesings is dus professionaliteit om die integriteit van verkiesings vanuit die oogpunt van die kiesers te verseker.

2.5 Ontledingsraamwerk

'n Belangrike veranderlike wat uit die bespreking na vore tree, is die wisselwerking tussen verkiesingsdemokrasie, liberale demokrasie en sosiale demokrasie om neigings tot oligargiese diktatuur te bekamp. Samehangend met die wisselwerking is die rol van burgerlike organisasies om in samewerking met staatsinstellings, of afsonderlik, vreedsame omstandighede vir politieke mededinging te skep. 'n Verbandhoudende veranderlike met die geldigheid van demokratiese verkiesings is die wyse waarop veiligheidstrategie binne regsraamwerke toegepas word.

Verkiesings wat gebuk gaan onder 'n gesekurokrateerde samelewing is 'n verdere veranderlike wat ontleed moet word. Nie alle state is so getrou in die praktiese toepassing van demokratiese beginsels nie en uiteenlopende denkrigtings bestaan daarvoor. So byvoorbeeld kan magshebbers wat op die een of ander wyse in die verlede aan bewind gekom het, besluit om hul verwerwe mag toe te pas om aan bewind te bly omdat hulle verwag dat die meeste kiesers nie vir huidige posbekleërs gaan stem nie. Wat duidelik hiermee verband hou, is hoe verkose magshebbers te werk gaan om politieke mag te behou, hoofsaaklik deur middel van verkiesingsmanipulasie. Tersaaklik vir magshandhawing is hoe politieke heersers veiligheidsmagte in eiebelang aanwend ten koste van die bevolking.

'n Verdere veranderlike wat ontleed word, is die ontstaan al dan nie van 'n outokratiese oligargie, waar die staat onder beheer kom van 'n enkele persoon (diktator) of 'n groep mense wat met absolute mag regeer. In dié geval word die regeringsvorm in die staat gewettig en 'n permanente, regerende klas ontwikkel op byvoorbeeld etniese, godsdienstige of ideologiese grondslag, wat die meerderheid van die mense in 'n staat uitsluit van regeringsdeelname, teenstrydig met die gebruike van mensgerigte nasionale veiligheid.

'n Verdere veranderlike is die wyse waarop geldige demokratiese verkiesings verseker word. Hier sien ons dat kompromittering van demokratiese verkiesings nie beperk is tot outokratiese regeringstelsels nie. Ons sien dat selfs state wat as legitieme, demokratiese state deur sowel die burgers van die staat as die internasionale gemeenskap beskou word, soms van demokratiese verkiesingsbeginsels afwyk.

3. Verkiesingsmanipulasie in Afrika

Hierdie afdeling brei uit oor hoe demokratiese verkiesingsmanipulasie in Afrika toegepas word. Voorbeelde word aangebied van verkiesingsknoeiery deur outokratiese regerings sonder om te beweer dat dit in alle Afrikastate plaasvind. My aanbieding sluit die bespreking van voorbeelde van sekurokratisering in Afrikastate in. Die bespreking is nie tot Sub-Sahara-Afrika beperk nie, en gebeur soos die Arabiese Lente wat in 2010 in Noord-Afrika en die Midde-Ooste begin het, is in ag geneem.

3.1 Toepassing van demokratiese verkiesingsbeginsels in Afrika

Volgens Thomson (2004:228–44) het daar tydens die laaste dekade van die 20ste eeu dramatiese politieke veranderinge in Afrika plaasgevind. 'n Golf van demokratisering het oor die hele kontinent gespoel. Van Tunisië tot Mosambiek, van Mauritanië tot Madagaskar, is regeringsgenoodsaak om veelpartyverkiesings in te stel, wat ou, nuwe of herleefde opposisiepartye in staat gestel het om politieke mag te bekom. Gedurende hierdie tydperk het die kontinent 'n politieke “renaissance” beleef. Teen 1995 het die meeste state in Afrika aan die beginsels van veelparty-demokrasie voldoen deur die aanbod van deursigtige, geloofwaardige, vrye en regverdige verkiesings om die grondslag van 'n “meer volwasse” kultuur van politieke demokrasie te vorm. Teen die einde van die 20ste eeu het die meeste Afrikastate grondwette ingestel wat politieke pluralisme aangemoedig het. Oor die algemeen was verkiesingsuitslae 'n redelike weerspieëling van die kiesers se wense en is veelpartyverkiesings wat in die 1990's en daarna gehou is deur buitewaarnemers as “redelik” vry en regverdig verklaar.

Die vraag ontstaan natuurlik wat die geskikste vorm van demokrasie vir Afrika is. Wiredu (2004:20) is van mening dat die veelparty- politieke stelsels wat tans in Afrika bedryf word beter is as gevreesde eenparty-diktature, alhoewel dit nie noodwendig die geskikste vorm van demokrasie is nie. In die ontwikkeling van alternatiewe vorms van demokrasie moet in ag geneem word dat baie dele van tradisionele Afrika gebaseer is op konsensusbesluitneming, wat buite die hedendaagse stelsel van politieke partye val. Die probleem vir die hedendaagse Afrika is om 'n stelsel te ontwerp wat, anders as eenparty-regimes uit die onlangse verlede, die reg erken van vrye en volle politieke deelname aan die regering deur al die mense van die staat. Wiredu twyfel of sommige politieke stelsels in Afrikastate dit vreedsaam kan doen weens die ingewikkelde etniese samestelling van die meeste state.

Wiredu (2004:508) bevind vervolgens dat kiesers tydens Afrikaverkiesings geneig is om te stem op grond van hul verpolitiseerde etniese of godsdienstige identiteit, om sodoende 'n diktatuur van getalle te skep waar die etniese meerderheidsgroep sy wil op die minderheid afdwing, wat die geldigheid van demokratiese verkiesings in Afrika bevraagteken. Dan word daar ook oorweldigend klem op die prosedurele aspekte van verkiesings geplaas, met die negatiewe gevolg dat daar nie onderskei word tussen die beginsels van demokrasie en die institusionele praktyke en hul implementering nie.

Rupiya (2019:396) identifiseer 'n bepaalde tendens wat die verdieping van demokrasie sedert die 1990's in Afrika verhoed het, naamlik die terugkeer na en hernuwing van geërfde eenparty-staatstelsels in die regeringsinstellings van die postkoloniale tydperk. Binne hierdie omgewings het sekere etniese groepe of gemeenskappe as die voorkeur van bewindvoerders ontstaan, terwyl ander hulle buite die politieke klas bevind. Dit verklaar byvoorbeeld deels die etniese verskille wat sedert 2007 op die Keniaanse politieke toneel afgespeel en tot verkiesingsgeweld gelei het, en wat verdiep het ná die betwiste presidentsverkiesing van Augustus 2017.

Rupiya dui verder aan dat die beywering van die Afrika-Unie vir vreedsame oplossings gefrustreer word deur regerende ampsbekleërs wat nie in die oorhandiging van mag belangstel nie en hulself eerder wend tot grondwetwysigings om hul heerskappy te verleng. In die Republiek van die Kongo (Kongo-Brazzaville), byvoorbeeld, het president Denis Sassou Nguesso (wat in 2002 aan bewind gekom het) in Oktober 2015 'n referendum gehou om die grondwet te wysig om vir 'n verdere termyn aan bewind te bly. President Paul Kagame van Rwanda, wat sedert 2000 aan bewind is, het in 2015 met 'n referendum aanvaarding van 98,3% van die bevolking gekry om as staatshoof aan te bly.

'n Ontleding van bogenoemde standpunte van toepassing op demokratiese verkiesingsbeginsels in Afrika dui daarop dat sommige regerings, waarvan voorbeelde genoem is, nie aan die beginsels en verwagtinge vir demokratiese verkiesings voldoen nie. Die idealistiese verwagting dat regerings in diens van alle mense sou staan in 'n gees van versoening, het nie gerealiseer nie. Die liberaal-demokratiese gedagte is dus besig om skipbreuk te ly weens heersers wat die benadering het om aan bewind te bly deur byvoorbeeld grondwetwysigings, 'n fokus op verdelende etniese sentimente, 'n voorkeur vir konsensusbesluitneming bo wedywering en die onregmatige manipulasie van verkiesings. Die gevolg is dat die meerderheid burgers van die staat konkrete politieke, sosiale en ekonomiese regte ontnem word.

3.2 Sekurokritisering in Afrika

Maringira en Masiya (2017:399) onthul die wyse waarop generaals van die Zimbabwiese weermag (ZNA) 'n politieke rol gespeel het in die Zimbabwiese verkiesing wat nie net 'n politieke bedreiging vir die party inhou nie maar 'n veiligheidsbedreiging vir die staat is. Die skrywers voer aan dat die wyse waarop ZNA-generaals deelneem aan die politieke proses in stryd is met Artikel 208(2) van die Grondwet van Zimbabwe, wat vereis dat die weermag a-polities moet wees. Die leëgeneraals se ondersteuning van die Zimbabwe African National Union-Patriotic Front (ZANU-PF) word voorregte aangebied in ruil vir die politieke beskerming van die heersende regime. Die Africa Center for Strategic Studies sien die ZNA as die staat se magtigste instelling met 'n rekord van bekwaamheid. Politieke meningsverskille in die party en die suiwering van partylede met 'n bevrydingsagtergrond het egter oorgespoel na die ZNA wat hulle genoep het om in te gryp (Africa Center for Strategic Studies 2017). Die risiko van sekurokritisering in state soos Zimbabwe is dus hoofsaaklik daarin geleë dat 'n nuwe heersers-

klas ontwikkel met die vermoë om hul magsoosisies op 'n aggressiewe wyse te handhaaf, wat 'n deurslaggewende intimidasierol tydens verkiesings kan speel.

Die vermoë van ZANU-PF om verkiesings te manipuleer bestaan reeds sedert die eerste algemene verkiesing in 1980. Op verkiesingsdag het ek dit persoonlik ervaar hoe die ZANU-PF-kandidaat Robert Mugabe oor die radio gedreig het om met die oorlog voort te gaan indien hy die verkiesing sou verloor. Die oorlogsmoë bevolking, insluitend die veiligheidsmagte van alle partye, het besef dat hy die mag het om die dreigement uit te voer. Ek is van mening dat dit 'n belangrike invloed, alhoewel miskien nie beslissend nie, op die uitslag ten gunste van ZANU-PF gehad het. 'n Verdere persoonlike waarneming as ontleder tydens die verkiesing in Namibië was dat die inval van elemente van die People's Liberation Army of Namibia (PLAN) vanuit Angola in April 1989 as magsvertoon bedoel was om hoofsaaklik die mense van Ovamboland te oortuig om vir die South West African People's Organization (SWAPO) te stem wat toe later aan bewind gekom het. So ook het ek as verkiesingswaarnemer in die 2006-verkiesing in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) aanskou hoe die voortgesette teenwoordigheid van gewapende magte wat aan politieke partye verbind is (ongegag pogings tot ontwapening en integrasie) kiesersbesluite daadwerklik kon beïnvloed.

'n Voorbeeld van sekurokratisering en spesifiek verkiesingsprosesse word in Uganda gevind. President Yoweri Museveni maak staat op 'n regsraamwerk wat staatsinstellings die reg gee om verkiesings te belemmer. In die verkiesing van 12 Maart 2001 het hy 69% van die stemme gekry. Al die kandidate was egter "onafhanklike" kandidate omdat politieke partye verban was. Voor die verkiesing het staatsagente ondersteuners van die politieke opposisie se belangegroep gearrester, aangeval en geïntimideer. Polisie-ondersoeke het geen resultate opgelewer nie. Daar was ook opvallende ongerymdhede in die registrasie van kiesers, kommer oor die tenderproses vir die druk van die stembriewe, asook versuim van die verkiesingskommissie om teen hierdie onreëlmatighede op te tree (Human Rights Watch 2001).

Met die verkiesing van 2015 het die situasie nie verander nie. Die gewapende magte en die polisie was steeds lojale dienaars van president Museveni. Die polisie het werklose jeug gewerf en opgelei om "misdaadvoorkomers" te wees, maar hulle was eintlik 'n krygsmag wat gevorm is om die opposisie voor die verkiesing te teister. Tydens die 2016-verkiesing is hierdie groepe dwarsoor die staat ontplooi om opposisie-saamtrekke en kiesers te intimideer, tesame met Power-10-Groups wat in dorpie regoor die staat gesetel was (Collord 2016).

Uganda is 'n goeie voorbeeld van hoe die geldigheid van 'n demokratiese verkiesing betwyfel kan word indien 'n regering, wat net soos in Zimbabwe uit 'n voormalige vryheidsbeweging spruit, wette verander om bewindhebbing te verseker. Saam met die neiging om kiesers te intimideer, vorm dit 'n kragtige diktatoriale strategie om kiesers te manipuleer.

Sekurokratisering in Afrika is egter geensins tot Zimbabwe en Uganda beperk nie. 'n Studie van ses state in Wes-Afrika naamlik Ghana, Guinee-Bissau, die Republiek van Guinea, Nigerië, Senegal en Togo dui daarop dat die rol van die veiligheidsmagte in state verskil. 'n Gemeenskaplikheid wat al die genoemde state egter ervaar, is die vaagheid van regsraamwerke vir die bestuur van veiligheidsmagte in verkiesingsprosesse. Uit dié studie is bevind dat belanghebbendes saamstem dat state gewapende magte nodig het om veiligheid tydens die verkiesing te waarborg, aangesien dit die enigste entiteite is wat sulke veiligheidsdienste kan lewer. Daar is egter eenstemmigheid dat gewapende magte nooit direk by die bestuur van verkiesings betrokke mag wees nie. Empiriese navorsing dui daarop dat wantroue tussen

veiligheidsmagte en die ander belanghebbendes in die betrokke state bestaan (Hounkpe en Gueye 2010:31–2). Wat belangrik van hierdie bevinding is, is dat die rol van veiligheidsmagte tydens verkiesings deur wetgewing bepaal moet word, anders laat dit die weg oop vir inmenging en konflik met die burgers en kan dit selfs ontaard in militêre ingryping, soos die geskiedenis van verkiesings in Nigerië aantoon.

Volgens die bevindinge van ’n ondersoek deur Ghafar en Hess (2018:31) wat sekurokrisering in Marokko, Tunisië en Egipte vergelyk het, is die weermag in Egipte ’n groot politieke rolspeler wat ’n belangrike faktor is in hoe politieke verandering en geweldpleging in Egipte ontvou. Dit was egter nie die geval tydens politieke verandering in Marokko en Tunisië nie.

Indien die genoemde gevalle van sekurokrisering in Afrika ontleed word, dui dit daarop dat verkiesings nie noodwendig regerings, en veral nie lank-gevestigde regimes, verander nie. Veiligheidsmagte, soos in Egipte, Uganda en Zimbabwe, beskerm huidige regerings teen die gefrustreerde burgers wat verhoed word om vrye keuses uit te oefen oor wie hulle moet verteenwoordig. In so ’n geval is die veiligheidsmagte ’n inherente deel van ’n regering en staan lojaal op grond van byvoorbeeld ’n bevrydingskultuur of etnisiteit met die mag om te intimideer of selfs militêr in te gryp. Dit ontmoedig burgers van die staat om vir leierskapsposisies mee te ding uit vrees vir vergelding.

3.3 Verkiesingsknoeiery deur outokratiese regerings in Afrika

Verkiesingsknoeiery in Afrika is vindingryk en inherent aan outokratiese regeringstelsels soos byvoorbeeld in Egipte, Libië, Tunisië, Marokko, Somalië, Uganda en Zimbabwe.

Soos reeds bepaal, sluit verkiesingsmanipulasie die verandering van wetgewing in, deur byvoorbeeld beperkinge op presidensiële verkiesing te verwyder of in te stel. Vanaf 2000 tot 2018 was daar 47 wysigings aan presidensiële terme in Afrika (insluitend beperkinge op die maksimum-ouderdom van presidensiële kandidate) waarby 28 Afrikastate betrokke was. So byvoorbeeld het die parlement van Tunisië in 2019 ’n wet aanvaar om presidensiële kandidate uit te sluit wat buitelandse befondsing ontvang het, uitsprake teen grondwetlike beginsels gelewer het, of in strafsake skuldig bevind is (Ronceray en Byiers 2019:1). Ook het navorsing bevind dat daar in Ghana ’n ontkoppeling tussen die verteenwoordiging van mense van die staat en verteenwoordiging in die parlement bestaan (Acheampong 2020). Uitsluitingstaktiek deur regerings is dus inherent aan verkiesingsknoeiery.

’n Gunstelingtaktiek van regerings om kiesers van volle deelname uit te sluit nog voor die stemmery begin het, is om te verseker dat stemme in opposisiekiesafdelings nie dieselfde gewig dra as in kiesafdelings waar regeringsondersteuners woon nie (sogenaamde “gerrymandering”). Hierdie knoeiery behels die wanverdeling van die kiesdistrikte om vir posbekerke gunstig te wees. Gedokumenteerde voorbeelde van state waar wanverdeling plaasvind sluit in Kenia, Tanzanië en Malawi waar kiesers wat in die stad Lilongwe woonagtig was, ongeveer die helfte van die stemme in Malawi verteenwoordig (Ronceray en Byiers 2019:13). Die internasionale voorkeurmetode, die wanverdeling van kiesdistrikte om verteenwoordiging te verwing, is dus ook op Afrika van toepassing.

Sommige state, soos Egipte in 2017, het wetgewing hersien om geregtelike toesig oor verkiesings uit te skakel. In hierdie geval het die Egiptiese parlement ’n wet goedgekeur om die Nasionale Verkiesingskommissie die enigste agentskap te maak wat mag toesig hou oor die monitering

van toekomstige algemene verkiesings en referenda, en derhalwe die toesighoudende rol van die regbank verwyder (Ronceray en Byiers 2019:14). Rolspelers en organisasies wat as “waghonde” optree om die impak van knoeitaktiek te fnuik of te versag, soos verkiesingskommissies, onafhanklike howe, die media, teen-korrupsie-agentskappe en ander organisasies uit die burgerlike samelewing asook verkiesingswaarnemingkommissies, kan genuilband of ondermyn word. In Ethiopië mag nieregeringsorganisasies wat meer as 10% buitelandse finansiering ontvang, byvoorbeeld nie by verkiesingskwessies betrokke raak nie (Ronceray en Byiers 2019:13). Beperkinge op verkiesingsmonitering om knoeiery te verdoesel is dus ’n opsie van ’n regering om aan bewind te bly.

In state soos Nigerië en Tanzanië waar stempatrone volgens etniese verdelings plaasvind, word begrotingsfinansiering vir openbare dienste en ontwikkelingsprogramme deur die regerings na die gebiede gekanaliseer waar etniese meerderhede woon om lojaliteit te beloon of te kweek. In Suider-Afrika is die tendens ook dat regerings meer belê in gebiede wat etnies nader verwant aan verkose politieke leiers is (Ronceray en Byiers 2019:13). Op hierdie wyse fokus regimes dus die aanwending van skaars hulpbronne, veral begrotingstoekennings, op gebiede waar hulle bewese steun geniet ten koste van die welvaart en veiligheid van mense wat in opposisie teen die regering staan.

Met verwysing na verkiesings in Rwanda, Zambië en Zimbabwe in 2016 en 2017 identifiseer Lepapa (2017:1–3) onregmatige onderdrukking van die opposisie en die koop van stemme en traktering van gemeenskappe vanuit openbare fondse as die twee algemeenste vorme van verkiesingsmanipulasie, wat gewoonlik gepaard gaan met ’n klimaat van wydverspreide vrees en intimidasie deur ’n partybeheerde. Sedert hy aan die bewind gekom het in 2015, het die populistiese president John Magufuli van Tanzanië protesoptogte verbied, die pers genuilband, onafhanklike instellings gekoöpteer, asook openlik en in die geheim geweld gepleeg teen politieke teenstanders en “andersdenkendes” binne die regerende Chama Cha Mapinduzi (CCM)-party (Africa Center for Strategic Studies 2020). Tanzaniërs leef vandag in ’n klimaat wat toenemend gevul word met vrees en is huiwerig om hul regte uit te oefen, sodat hulle nie deur ’n reeks nuwe beperkende wette gekonfronteer word of fisieke vergelding ly nie. Verkiesingsknoeiery is dus deel van ’n volle pakket van knoeimetodes as deel van ’n strategie om ten alle koste aan bewind te bly.

’n Verdere vorm van verkiesingsknoeiery hou verband met sosiale media. Van Donk en Williams (2016:19) wys op die potensiaal vir massamobilisering en die insameling van eksterne steun vir ’n verkiesingstryd deur middel van sosiale media. Volgens die navorsing bevat Twitter-rekeninge uit Afrika meer oor politiek as op enige ander vasteland. Mwanza (2016) bevind ook dat sosiale interaksie deur mense in Afrika op Twitter meer politieke inhoud het as in ander dele van die wêreld wat tot gevolg het dat regerings op sosiale media toeslaan. In Noord-Afrika het sosiale media soos Facebook byvoorbeeld ’n sleutelrol gespeel in die bevordering en koördinerende van die sogenaamde “Arabiese Lente” wat vanaf 2011 gelei het tot regeringsveranderinge in verskeie state in die streek. Manipulasie deur sosiale media is geneig om toe te neem in die laaste fases van verkiesingsprosesse voordat daar gestem word en wanneer daar minder tyd is vir verduideliking. Verspreiding van vals nuus op sosiale media het deel geword van Afrikaverkiesingsveldtogte soos byvoorbeeld tydens die Nigeriese presidentsverkiesing van 2019, toe daar beweer is dat die huidige president Muhammadu Buhari dood is en daarna deur ’n kloon vervang is (Ronceray en Byiers 2019:13). Die kuberruimte is dus besig om in ’n slagveld te ontfaam waar sosiale media ’n belangrike instrument vir politieke mededingers is

om te mobiliseer. Knoeiery soos vals nuus noodsaak regerings om wetlike beperkinge in te stel en sodoende kiesers se vryheid van spraak en publikasie te beperk.

Manipulasie van elektroniese verkiesingsregisters en gevestigde regerings wat beperkings op die burgerlike samelewing plaas om onafhanklike stemme uit te bring of standpunte te huldig, voltooi hierdie donker prentjie (Human Rights Watch 2001). Cheeseman en Klaas (2018) verwys na die versuim om voldoende stembriewe te druk en lang verdragings om stemme te tel as deel van die diktator se “gereedskapskas”. Manipulasie sluit ook in die vul van stembusse voordat daar gestem word (Ronceray en Byiers 2019:13). Knoeiery vind dus nie net plaas op ’n strategiese vlak nie maar kan hoogs tegniese en moeilik wees om te monitor.

Bogenoemde waarnemings dui daarop dat verkiesingsknoeiery in die genoemde Afrikastate op drie vlakke plaasvind: gewettigde knoeiery, knoeistrategie gemik op ’n spesifieke verkiesing en knoeitaktiek wat afhang van noukeurige tydsberekening en gesofistikeerde tegniese vernuf. In die geval van gewettigde knoeiery word wette gemaak en aangepas om die bestaande regering te bevoordeel. ’n Knoeistrategie sluit in ’n reeks handelswyses waar alle moontlike middele, wettig en onwettig, aangewend word om ’n verkiesing te wen. Knoeitaktiek behels die kundige aanwending van tegniese middele om op ’n bepaalde tydstip die verkiesingsuitslag op ’n valse en subtiele wyse ten gunste van die heersers te swaai. Die afwesigheid van ’n onafhanklike, geloofwaardige en betroubare regstelsel beteken dat verkiesingsgeskille nie opgelos kan word nie, met gewelddadige protes as die enigste alternatief, wat lei tot verdere teistering en intimidasie deur die polisie en ondersteuners van die politieke party.

3.4 Betragting

’n Ontleding van verkiesingsmanipulasie in Afrika skets ’n onrusbarende beeld van demokratiese regte van mense wat tot so ’n mate onderdruk word dat nie alle mense van die staat verkose politieke leiers kan wees of genoegsaam deur verkose leiers verteenwoordig word nie. Hierdie onderdrukking van mense word teweeggebring deur ’n benadering van state om te knoei in verkiesings. Hierdie knoeiery kan in ’n mindere of meerdere mate ’n kombinasie wees van ’n paar aspekte. Eerstens kan knoeiery deur verandering in verkiesingswetgewing plaasvind (’n voorkeur vir grondwetlike verandering word bespeur). Tweedens kan daar ’n doelbewuste implementering van strategie wees om ten alle koste (selfs ten koste van die veiligheid en welsyn van baie mense in die staat) aan die bewind te bly deur manipulasie soos ’n beroep op sentimente soos etniese verdelings en bevrydingsideologie, asook die deurslaggewende rol van gewapende mag om te intimideer of in te gryp. Derdens is die sofistikasie van misdadertaktiek wat blatante bedrog pleeg in terme van verdoeselde, onwettige aktiwiteite, soos byvoorbeeld rondom die stembus en rekenaarbediener, ’n algemene verskynsel.

Die gevolg is dat selfs gevestigde demokrasieë in Afrika daarin slaag om op ’n vindingryke wyse instrumente aan te wend om so lank moontlik aan bewind te bly. Uitgebreide sekuritisering word deur posbektelers toegepas wat die standpunt voorhou dat nasionale veiligheid afhang van stabiele regering en dat hierdie stabiliteit in belang van al die mense in ’n staat is. Gegrand op hierdie uitgangspunt word wette en regulasies aangepas om veiligheidsbeambtes van die regering in staat te stel om verkiesingsprosesse ten koste van die demokratiese vryhede van ’n bevolking te manipuleer. Gevolglik heers wantroue en vrees tydens ’n verkiesingstydperk dat geweldpleging kan ontstaan, wat kiesers ontmoedig om te stem.

4. Die risiko van verkiesingsmanipulasie in Suid-Afrika

Hierdie afdeling pas die voorafgaande bespreking op Suid-Afrika toe. Die politieke agtergrond en onlangse verkiesingservarings en die benadering van die Suid-Afrikaanse regering dien as uitgangspunt vir 'n ondersoek na die risiko van verkiesingsmanipulasie in Suid-Afrika.

4.1 Die politieke agtergrond

Ondanks die volstreekte meerderheid waarmee ANC-regerings in agtereenvolgende verkiesings sedert 1994 aan bewind gekom het, is daar tot dusver nie daadwerklike optredes geloods wat die grondwetlike demokratiese bestel in Suid-Afrika aantast nie. Nelson (2018:324) wys egter op die onrusbarende besluite rakende grondhervorming wat daarop dui dat daar geen sekerheid kan bestaan dat die ANC-beheerde regering nie wetgewing en beleid sal verander nie. In hierdie verband verwys Nelson byvoorbeeld na 'n ANC-beleidsbesluit tydens die 54ste Nasionale Konferensie van die ANC gedurende Desember 2017 wat voorsiening maak vir wysiging van die Grondwet en die Handves van Regte sodat grond sonder vergoeding oorteen kan word en wat gevolg is deur 'n besluit van die ANC in Februarie 2018 om 'n soortgelyke mosie van die Economic Freedom Fighters (EFF) in die Nasionale Vergadering te ondersteun sodat die tweederde-meerderheidsvereiste vir grondwetwysiging bereik kan word. Hiermee demonstreer die ANC 'n bereidwilligheid om die Handves van Regte as fundamentele hoeksteen van die bestaande grondwetlike bestel te verander en moontlik afstand te doen van onderhandelings-, konsensus- en kompromiegebaseerde gebruike ten gunste van magsgebaseerde praktyke.

Saam beskik die ANC en EFF oor 'n tweederde-meerderheid in die parlement, wat voldoende is om die Grondwet en die Handves van Regte te wysig. Weens die onduidelike skeiding tussen staat en party, is die twee partye in staat om 'n politieke alliansie te skep waarvan 'n vakbondfederasie deel is, en waar staatsbronne gebruik gaan word om politieke posisies te behou. Saam propageer die revolusionêre groepering in die ANC, die EFF en vakbondfederasies oplossings vir armoede, werkloosheid, ongelikheid en onderontwikkeling en plaas die skuld daarvoor, om hul steun onder die swart burgers uit te brei, op die welvaart van die wit ekonomiese elite wat tydens die koloniale en apartheidsera ontstaan het (Nelson 2018:326). Die revolusionêr-georiënteerde kaders van die ANC hou hulself voor as 'n voortgesette bevrydingsbeweging met die oogmerk om 'n nasionaal-demokratiese samelewing deur middel van 'n revolusie tot stand te bring. Hierdie oogmerk stem ooreen met EFF-retoriek.

Daar is tans 'n debat dat kiesstelsels in Suid-Afrika sigself leen tot manipulasie en dat dit verander moet word. Verkiesings in Suid-Afrika vind plaas volgens proporsionele verteenwoordiging, gegrond op kandidaatlyste vir beide die Nasionale Vergadering en Provinsiale Rade van die nege provinsies. Alhoewel die ANC (as 'n hoofsaaklik etniesgebaseerde party) die verkiesing van die Nasionale Vergadering onder bykans enige kiesstelsel sou wen, het die keuse van die kiesstelsel wel bepaalde implikasies. 'n Stelsel van proporsionele verteenwoordiging, as 'n integrale deel van ander grondwetlike magsdelingsmeganismes, skep 'n atmosfeer van insluiting en versoening, om politieke geweld te ontmoedig en stabiliteit te skep. Tans duur die debat egter voort oor hoe om die demokratiese aanspreeklikheid en verteenwoordiging van al die mense van die staat te verhoog. Voorstanders van verandering is van mening dat kiesers toegelaat behoort te word om tussen sowel kandidate as partye te kies, sonder dat die proporsionele karakter van die parlement beïnvloed word. Tans verteenwoordig streekslyste gebiede wat te groot is, sodat enige vorm van plaaslike voorspraak vir kiesers in die parlement verlore gaan (ACE Projek 2005). Dit blyk dus dat die kiesstelsel in Suid-Afrika dreig om te

ontaard in die vorming van 'n klein politieke heersersklas gebaseer op 'n ANC-kandidaatlys wat hoofsaaklik die party se belange bevorder en nie dié van al die burgers van die staat nie.

Op hierdie wyse word sentimente wat gepaard gaan met etnisiteit, ideologie en toenemende ontevredenheid oor sosio-ekonomiese toestande onder die grootste deel van die bevolking in Suid-Afrika uitgebuit. Die risiko bestaan dat wetgewing en beleid so kan verander dat 'n revolusionêre alliansie as nuwe politieke heersersklas na vore tree (wat tiperend is van 'n oligargiese diktatuur) om totale beheer te kry oor die staatsbestel en sodoende verkiesingsprosesse te manipuleer om aan bewind te bly. Dit is belangrik dat die aard en waarskynlikheid van hierdie risiko bepaal word.

4.2 Sekurokritisering in die Zuma-era

In 2006 het die Khampepe-kommissie bevind dat 'n wetstoepassingsagentskap en 'n staatsorgaan grondwetlik gebonde is om binne die wet op te tree. Kreatiewe en vasberade strategieë word vereis wat goeie samewerking tussen die verskillende wetstoepassingstrukture insluit, met die primêre grondwetlike verantwoordelikheid om die staat en sy mense te beveilig. Die uitslag van die kommissie bevestig dus die oorkoepelende gesag van die Handves van Regte soos vergestalt in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Khampepe 2006:61).

Sedert 2011 is demokratiese verkiesings in Suid-Afrika, vanuit 'n sekurokritiseringperspektief, gekenmerk deur die ondersteunende en integrale rol wat die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW), Staatsveiligheidsagentskap (SVA), Nasionale Intelligensiediens (NID) en ander verwante instellings speel. Tydens verkiesings word veiligheidsmagte deur 'n gesamentlike operasionele en intelligensiestruktuur bestuur, waarin alle verwante departemente verteenwoordig word om enige bedreiging vir die sukses van 'n verkiesing te identifiseer. Veral die SAPD het gevolglik 'n groot rol gespeel in die versekering van 'n vreedsame kiesomgewing. Die situasie het geen veiligheidsinmenging geverg nie. Die SANW het die SAPD versterk waar bykomende logistieke ondersteuning nodig was; die SANW het byvoorbeeld die personeel van die Verkiesingskommissie in Limpopo gehelp om toegang tot stemlokale aan die oorkant van 'n rivier, waar daar geen brug was nie, te verkry asook om stemmateriaal teen 'n berg op te vervoer (Onafhanklike Verkiesingskommissie 2014).

Ondanks hierdie positiewe rol van veiligheidsmagte, het verskeie skrywers vanaf ongeveer 2016 (gedurende die Zuma-bewind) die gesprek oor sekurokritisering aan die gang gehou deur publikasies in die vorm van joernalistiek, boeke en wetenskaplike studies. Op grond van die werk van 'n Londense vryskutjoernalis, Paul Holden, voer Jane Duncan (2014) aan dat die ANC toenemend oorheers word deur sekurokrate wat die staat verpolitiseer het, waartydens onder andere voormalige president Zuma en mense na aan hom bevoordeel is. Sy voer aan dat intelligensiedienste in 2008 tydens die opvolgstryd in die ANC ter vervanging van president Thabo Mbeki, misbruik is om die een politieke faksie bo die ander te bevoordeel. Die Staatsveiligheidsagentskap (SVA), wat in 2009 deur president Zuma ingestel is om alle intelligensiedienste onder een sambreel te plaas, het gevolglik verpolitiseer en buite beheer geraak. Alhoewel die siening van Holden en Duncan nie sonder meer aanvaar kan word nie, bevat dit nuttige aanduiders vir verdere ondersoek.

Die voormalige Adjunkminister van Verdediging en Minister van Intelligensie Ronnie Kasrils, ook 'n ervare nasionale veiligheidspraktisyn met gevorderde insig in die werking van die regering van voormalige president Zuma, beaam hierdie siening en onthul dat toe hy Minister

van Intelligensie was, diegene onder sy bevel sterk verpolitiseer was, politieke ondersteuners van Zuma was en die professionele werking van die intelligensiestelsel doelbewus ondermyn het. Uiteindelik het hulle mag en hulpbronne misbruik om die Nasionale Vervolgingsgesag, die regbank, die inligtingsdiens en ander agentskappe wat korrupsie kon blootstel, te verswak. Kasrils het destyds gewaarsku dat die Suid-Afrikaanse intelligensiediens besig is met magspolities en kommer uitgespreek oor die ontstaan van 'n polisiestaat (Jordan 2015).

Duvenhage (2016:114–5), vanuit 'n meer akademiese perspektief, het bevind dat daar sedert die presidentskap van Zuma 'n proses van sekurokrisering binne die Suid-Afrikaanse staat ontstaan het wat in die vorm van 'n “veiligheidskluster” geformaliseer is. Die ANC se strategiese doel met hierdie stelsel was om beheer oor die veiligheidsdienste as instrument van politieke mag te verkry, oorheers deur etniese Zoeloes en individue wat lojaal was aan die voormalige president. Sodoende is noue samewerking tussen staat en party bewerkstellig deur partykaders te ontplooi. Die belange van die party, die staat en 'n “sterk man” het toenemend verstrengel en geïntegreer geraak, in teenstelling met die norme van demokratisering. Duvenhage identifiseer hierdie soort sekuriteitsreëling as soortgelyk aan wat 'n praktyk in die Sowjet-unie was, maar sê dat daar op daardie stadium nog nie voldoende aanduidings bestaan het dat Suid-Afrika 'n “polisiestaat” is nie. Die nasionale en provinsiale verkiesing van 2019 sou 'n belangrike barometer wees vir sekurokrisering, veral met betrekking tot die rol wat die nasionale veiligheidsinstellings in die aanloop tot en nasleep daarvan sou speel.

4.3 Die benadering tot nasionale veiligheid in die Ramaphosa-era

Rupiya (2019) bevind dat Suid-Afrika in die ANC-oorgang van 2017 na 2018 die gevaar geloop het om gemilitariseer te word omdat veiligheidsinstellings sterk verpolitiseer was. In die heersende politieke klimaat van soeke na 'n gemeenskaplike grondslag vir die interpretasie van nasionale en grondwetlike vraagstukke, is dit egter onwaarskynlik dat 'n leier met die vermoë om die SANW te beheer, militarisering van die staat sal toelaat. Die SANW blyk institusioneel sterk en professioneel te wees in vergelyking met die weermagte van byvoorbeeld Angola en Zimbabwe. Verder het die aktiewe en voor-die-hand-liggende rol van media-aktiviste en die burgerlike organisasies, ondersteun deur 'n ewe geloofwaardige en onafhanklike regbank, kragte saamgevoeg om 'n front te vorm teen leiers in veiligheids- en verdedigingsinstellings wat teen die wet handel. Die normalisering van burgerlik-militêre verhoudinge is 'n belangrike verdieping van demokrasie wat in Suid-Afrika manifesteer.

Die situasie word egter fyn dopgehou deur persone soos De Haas (City Press 2020), wat agterdochtig staan teenoor die Nasionale Veiligheidsraad, wat in Februarie 2020 deur president Ramaphosa tot stand gebring is. Vir haar klink dit soos die Staatsveiligheidsraad vanuit die “apartheidsjare” indien dit gesien word in samehang met wetgewing wat die magte van outoritêre tradisionele leiers vergroot. Volgens De Haas behoort die verskuiwing van mag na ministers weg van ander staatstrukture, alarms te laat lui.

Wat egter in ag geneem moet word, is dat die bestaan van Nasionale Veiligheidsrade 'n normale veiligheidsbestuursinstrument is in gevestigde demokrasieë soos die VSA, maar Raskin (1963:189) waarsku teen oorheersing en formalisering van die lewensuitkyk en standpunte van 'n heersersklas sonder dat dit op 'n demokratiese wyse beding word. Die heersersklas kan byvoorbeeld 'n bedreigingspersepsie handhaaf teenoor die persepsie van “gewone” mense in die staat wat voel dat hul belange deur gevestigde elite-groepe verontagsaam word. 'n Daad-

werklike risiko bestaan dus vir demokratiese vryhede in die vestiging van nasionale veiligheidstrukture wat nie ten volle verantwoording doen aan demokraties verkose regerings nie.

Die vlak van sekurokrisering in Suid-Afrika kan beoordeel word aan die bestuurstyl van die Suid-Afrikaanse regering tydens die COVID-19 krisis, veral met betrekking tot die ontplooiing van die SANW, wat deel vorm van die implementering van die ekonomiese noodhulppakket van R500 miljard om COVID-19 te bekamp. Meer as 73 000 SANW-lede sou tot 26 Junie 2020 ontplooi word om die SAPS te ondersteun, met duidelik omskrewe verantwoordelikhede. Die Minister van Verdediging en Militêre Veterane Nosiviwe Mapisa-Nqakula het aangedui dat daar 'n dringende behoefte aan hierdie ontplooiing is, en dat dit op wetenskaplike modellering gegrond is, wat dui op 'n toenemende aantal infeksies en 'n waarskynlike eksponensiële groeikurwe tussen Augustus en September 2020. Rupiya (2020) is van mening dat die Suid-Afrikaanse administrasie en regeringsparty beduidend gekonsulteer het en die vertroude geniet van alle politieke partye wat in die parlement verteenwoordig word, asook verteenwoordigers van die burgerlike samelewing.

Volgens Vreÿ en Solomon (2020) vereis die COVID-bedreiging buitengewone reaksies, insluitend uitsprake wat die bedreiging beklemtoon en beveiligingsmaatreëls. Dit is 'n eksistensiële bedreiging wat dié etiket regverdig. Wêreldleiers aanvaar die erns van die bedreiging en stem saam dat normale reëls weens die gevaar wat dit vir alle mense inhou en die moontlikheid van ekonomiese en sosiale ineenstorting op wêreld- en nasionale vlak, nie meer van toepassing is of voldoende is nie. Hulle waarsku egter dat, alhoewel Suid-Afrika vroegtydig met buitengewone maatreëls gereageer het, die binnelandse ontplooiing van die SANW spruit uit Suid-Afrikaners se gewoonte om die wet te misken, wat die regering dwing om wetgewing in te stel wat meer drakonies is en inbreuk kan maak op demokratiese en menseregte.

Wanneer die benadering tot nasionale veiligheid in die Ramaphosa-era ontleed word, is die aanduiding dat die risiko van sekurokriserings in Suid-Afrika teen Oktober 2020 laag was, tensy daar 'n verandering ten gunste van die revolusionêre faksie binne die ANC plaasvind. Eerstens is die Nasionale Bevelsraad wat in terme van die Rampbestuurswet saamgestel is wettig, met lede van die kabinet wat daarin dien en die president wat steeds onderhewig is aan parlementêre toesig en 'n mandaat van die meerderheidsparty in die parlement. Genoegsame wigte en teenwigte is dus in plek om die wangebruik van veiligheidsmagte in Suid-Afrika te beperk. Die risiko dat die ANC lojale persone binne veiligheidsdienste kan misbruik om partybelange te beskerm, is tans laag, alhoewel groeperinge binne die party etniese en ideologiese sentimente kan gebruik om 'n meer pragmatiese Ramaphosa-faksie te beveg om politieke beheer oor verkiesingsprosesse te verkry.

4.4 Betragting

'n Ontleding en vertolking van bogenoemde standpunte bring weer eens na vore dat daar 'n tweespalt tussen voorstanders van 'n liberale vorm van demokrasie in Suid-Afrika en sosiaal-demokratiese ideale is. Hierdie tweespalt is soos 'n pad deur die Karoo wat duidelik in 'n bepaalde rigting beweeg, maar op 'n stadium verdeel die pad in twee paaie waarvan die uiteindelijke rigting nie sigbaar is. Op die hoofpad is die vernuwende horison duidelik: die ideaal van 'n demokrasie in Suid-Afrika waar mensevryhede grondwetlik gewaarborg is. Die verdeelde paaie dreig egter om Suid-Afrika van hierdie ideale rigting af weg te neem na onsekere afdraaipaaie wat uiteindelik tussen onbegaanbare sandduine kan eindig.

Een so 'n afdraaipad is die allesoorheersende drang om geld te bekom. 'n Ander afdraaipad is die weg van sosiale demokrasie wat daarop mik om die omstandighede van mense te verbeter deur kwessies soos voortdurende sosiale ongelykhede (byvoorbeeld grondbesit), voortgesette armoede en gebrekkige politieke leierskap te beklemtoon. Intussen beweeg die pragmatiese hoofstroom aan om ekonomiese groei, en daarmee saam besigheidsbelange en welvaart vir alle Suid-Afrikaners, te bevorder. Die vraag is waarheen hierdie paaie lei en of die liberaal- en sociaal-demokratiese pad dalk verder aan weer kan ontmoet.

Die stowwerigste pad word verkies deur 'n materialistiese faksie wat daarin geslaag het om die demokratiese strukture van Suid-Afrika te korrupteer sodat openbare fondse na persoonlike bankrekeninge gekanaliseer kan word. Hierdie groepering, wat hoofsaaklik op 'n ANC-platform beweeg, maar alliansie met partye soos die EFF kan soek, probeer die indruk skep dat hul aksies oor die herverspreiding van rykdom deel is van 'n geveg teen apartheid. In werklikheid baat slegs enkelinge en hul aanhangers, byvoorbeeld dié wat sonder genoegsame meriete in hoogsbetaalde posisies in die staatsdiens aangestel is, sodat onwettige tenders aan lojale volgelingen toegeken kan word. Dit is dan ook hierdie vraatsugtige groepering wat waarskynlik nie sal skroom nie om kwessies soos etniese en geslagsverskille na vore te bring om te manipuleer, te intimideer of selfs gewelddadig in te gryp om beheer oor die trog te verseker, 'n benadering wat na verkiesingsprosesse kan oorspoel.

Hier word onwillekeurig aan Zimbabwe as voorbeeld gedink, waar 'n voormalige ZANU-PF as voormalige vryheidsbeweging soortgelyke taktiek toepas, maar dit moet in ag geneem word dat daar in Suid-Afrika belangrike wigte en teenwigte bestaan. Afgesien van enorme transnasionale besigheidsbelange is wedywing binne die ANC 'n teenwig vir radikalisme. Pragmatiese leierskap in die ANC (wat leiers vanuit georganiseerde arbeid insluit) onder aanvoering van die president besef ook dat hul prestasie om welvaart en werkersbelange te verseker (wat van ekonomiese groei afhang) aanstons by die stembus getoets gaan word. Die pragmatiese groepering in die regering sal dus waarskynlik eerder tydens verkiesings op alliansievorming voor die verkiesing en koalisiëvorming na die verkiesing fokus as om te sekurokratiseer of te knoei.

Dit is ook so dat 'n algemene respek vir konstitusionalisme en demokratiese praktyk sedert 1994 verseker dat nasionale veiligheidsprosesse en praktyke volgens die beginsels van 'n demokratiese staat bestuur word, ondanks pogings van die Zuma-regering om die staatsbestel tot ekonomiese voordeel van lojale volgelingen te misbruik. Suid-Afrikaners geniet nog breë konsultasie tussen 'n demokraties verkose regering en die burgerlike samelewing om inklusiewe deelname aan demokratiese strukture te verseker. Dit is onwaarskynlik dat die regering genoegsame konsensus onder Suid-Afrikaners sal kry vir besluite oor die aard van veiligheidsmaatreëls tydens verkiesingsprosesse wat nie binne wetgewing val nie.

Daar is verder geen aanduidings dat die Ramaphosa-regering sal poog om verkiesingswetgewing te verander om verteenwoordiging van kiesers in die parlement te verbeter en sodoende 'n risiko te skep om 'n tweederde-meerderheid in die parlement te verloor nie. Daar is ook geen aanduiding dat 'n manipulasiestrategie besig is om te ontvou nie, maar dit kan aanvaar word dat tegniese-kundige individue op grond van etniese lojaliteite en ideologiese oorwegings, binne en buite die staatsbestel, gereed staan vir knoeiery om op 'n onwettige wyse verkiesinguitslae te manipuleer.

Hierdie vooruitskouing kan verander wanneer die ANC die persepsie ontwikkel dat die party die verkiesing gaan verloor of onaanvaarbare verliese by die stembus gaan ly. Dit is onwaarskynlik dat die ANC as voormalige bevrydingsbeweging mag sal afstaan. Pogings om alliansies met partye soos die EFF en koalisies met ander presterende partye te vorm sal waarskynlik gepaard gaan met mobilisering van lojale partykaders om beheer oor staatsveiligheidsmeganismes te behou en gereed te staan vir ingryping indien nodig.

5. Gevolgtrekking

Die bespreking het begin met die doelstelling om te bepaal of verkiesingsmanipulasie deur heersers in Afrika die welsyn van alle mense (burgers van die staat en andere) in die staat bevorder, of slegs die belange van mense wat deel vorm van die heersersfaksie. Om hierdie doel te bereik, is die teoretiese begrippe van toepassing op die bespreking toegelig. Hierdie begrippe is ontleed en op Afrikakontekste van toepassing gemaak deur na voorbeelde van verkiesingsmanipulasie te verwys en dit op Suid-Afrika as 'n gevestigde demokratiese staat in Afrika toe te pas.

Ek het bevind dat liberale demokrasie volgens Westerse verwagtinge, waar mensevryhede grondwetlik gewaarborg word (soos in die VSA en Europa), in Afrika nie volle wasdom bereik het nie. Alhoewel verkiesings volgens internasionaal aanvaarbare beginsels plaasvind, en verkiesingsbedrog of manipulasie onwettig is, mik heersers daarna om politieke mededinging uit te skakel ten einde die belange van hul getroue ondersteuners te beskerm. Die welvaart van al die burgers van die staat is nie die hoofoorweging nie (soos in Zimbabwe, Nigerië en Egipte). In state soos dié word verteenwoordigende demokrasie gekompromitteer en regerings slaag nie daarin om armoede en gewelddadige konflik te bekamp nie. Regerings van die dag val eerder terug op verkiesingsmanipulasie om ten alle koste aan bewind te bly, in die wete dat ondersteuning van die meerderheid burgers nie gewaarborg is nie en dat posbekerers 'n verkiesing kan verloor.

Manipulerende aktiwiteite gaan gepaard met verandering in wetgewing (soos byvoorbeeld in Egipte) en manipulasiestrategieë soos uitsluitingstaktiek (byvoorbeeld in Ghana en Tunisië), intimidasie ('n algemene praktyk waar vryheidsbewegings aan bewind gekom het), geweldpleging wat selfs militêre ingryping kan insluit (soos gereeld in Wes-Afrikastate gebeur), asook onwettige knoetaktiek op tegniese vlak (soos byvoorbeeld in Nigerië en Zimbabwe). Daarmee saam hang pogings om op grond van etniese sentimente en ideologiese lojaliteite 'n heersersklas te konsolideer (soos byvoorbeeld in Suid-Afrika, Tanzanië en Zimbabwe).

Hiermee word voorsien dat neigings tot oligargiese diktatuur in Afrika sal voortduur en die openbare ruimte waarskynlik toenemend deur 'n politieke heersersklas oorheers gaan word. Hierdie nuwe politieke klas sal waarskynlik materiële rykdom vir hulself nastreef terwyl die veelvlakkige ongelykhede wat in Afrikasamelewings bestaan, nie suksesvol aangepak gaan word nie. 'n Politieke heersersklas in Afrika sal waarskynlik toenemend in konflik kom met 'n verwaarloosde burgerlike samelewing geskoei op 'n florerende sosiale demokrasie. Posbekerers sal dan merendeels afhanklik wees van beheer oor die regstelsel van die staat, instansies soos verkiesingskommissies en veiligheidsmagte, met die doel om verkiesings te manipuleer en kiesers te intimideer.

Dit is dus belangrik dat alle burgers van state in Afrika, insluitend veiligheidswaarnemers en aktiviste, tydens die aanloop tot verkiesings deurgaans op hul hoede moet wees vir wetsveranderinge, beleidsuitsprake, manipulasiestrategie en knoei-ingrypings wat dui op verskansing van heersersklasbelange tydens verkiesings, veral in omstandighede waar korrupte politieke-partykaders en staatsamptenare enigiets sal probeer om aan bewind te bly.

Bibliografie

ACE-Projek. 2005. South Africa: Election systems and conflict management. https://aceproject.org/main/english/es/esy_za.htm (4 Oktober 2020 geraadpleeg).

Acheampong, M. 2020. Why members of parliament in Ghana can get away with ignoring voters. <https://theconversation.com/why-members-of-parliament-in-ghana-can-get-away-with-ignoring-voters-146781> (9 Oktober 2020 geraadpleeg).

Africa Center for Strategic Studies. 2017. Five issues to watch as Zimbabwe's transition unfolds. <https://africacenter.org/spotlight/five-issues-to-watch-as-the-zimbabwe-crisis-unfolds> (5 Oktober 2020 geraadpleeg).

—. 2020. Once a beacon of hope, Tanzanians now resist growing authoritarianism. <https://africacenter.org/spotlight/once-a-beacon-of-hope-tanzanians-now-resist-growing-authoritarianism> (9 Oktober 2020 geraadpleeg).

Agamben, G. 1999. *Remnants of Auschwitz: The witness and the archive*. New York: Zone Books.

Ake, C. 1996. *Democracy and development in Africa*. Washington, DC: The Brookings Institution.

—. 2000. *The feasibility of democracy in Africa*. Dakar: CODESRIA Press.

Bigo, D. 2010. Delivering liberty and security? The reframing of freedom when associated with security. In Bigo e.a. (reds.). 2010.

Bigo, D., S. Carrera, E. Guild en R. Walker (reds.). 2010. *Europe's 21st century challenge: Delivering liberty and security*. Ashgate: Farnham.

Blair, D.C. 2012. Military support for democracy. *PRISM*, 3(10):3–15.

Booth, K. en N. Wheeler. 2007. *The security dilemma: Fear, cooperation and trust in world politics*. Basingstoke: Palgrave.

British Army Stabilization Unit. 2009. Planning for stabilisation: Structures and processes. https://assets.publishing.service.gov.uk/government/uploads/system/uploads/attachment_data/file/784001/The_UK_Government_s_Approach_to_Stabilisation_A_guide_for_policy_makers_and_practitioners.pdf (5 Mei 2020 geraadpleeg).

Buzan, B. 1991. New patterns of global security in the twenty-first century. *International Affairs*, 67(3):432–3.

Cheeseman, N. en B. Klaas. 2018. *How to rig an election*. New York: Yale University Press.

Cheeseman, N. 2019. Democracy in Africa: Success stories that have defied the odds. *The Conversation*. <https://theconversation.com/democracy-in-africa-success-stories-that-have-defied-the-odds-120601> (5 Mei 2020 geraadpleeg).

Cilliers, J.C.K. 2004. Human security in Africa: A conceptual framework for review. African Human Security Initiative. Institute for Security Studies. <https://www.issafrica.org/uploads/AHSIMONO1.PDF> (5 Mei 2020 geraadpleeg).

Collord, M. 2016. How Uganda's government steered another state-controlled election. *The Conversation*. <https://theconversation.com/how-ugandas-government-steered-another-state-controlled-election-54851> (11 November 2020 geraadpleeg).

Duncan, J. 2014. *The rise of the securocrats: The case of South Africa*. Johannesburg: Jacana Media.

Duvenhage, A. 2016. Die sekurokritisering van die Suid-Afrikaanse staatkundige bestel – 'n tendensbepaling. *LitNet Akademies*, 13(1):112–37. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2016/05/LitNet_Akademies_13-1_Duvenhage_112-137.pdf.

Ezrow, N.M. en E. Frantz. 2011. *Dictators and dictatorships: Understanding authoritarian regimes and their leaders*. New York: Bloomsbury Academic.

Ghafar, A.A. en B. Hess. 2018. *Islamist parties in North Africa: A comparative analysis of Morocco, Tunisia and Egypt*. Washington DC: The Brookings Institution.

Gutto, S.B.O. 2002. Constitutionalism, elections and democracy in Africa: Theory and praxis. Africa Conference on Elections, Democracy and Governance, 7–10 April, Pretoria. <https://www.elections.org.za/content/WorkArea/DownloadAsset.aspx?id=1948> (5 Mei 2020 geraadpleeg).

Hounkpe, M. en A.B. Gueye. 2010. *The role of security forces in the electoral process: The case of six West African countries*. Abuja: Friedrich-Ebert-Stiftung.

Huntington, S.P. 1957. *The soldier and the state: The theory and politics of civil-military relations*. New York: Belknap Press.

—.1997. After twenty years: The future of the third wave. *Journal of Democracy*, 8(4):3–12.

Human Rights Watch. 2001. Uganda: Not a level playing field. Government violations in the lead-up to the election. <https://www.hrw.org/reports/2001/uganda> (6 Mei 2020 geraadpleeg).

Jordan, W. 2015. Inside the battle for intelligence in South Africa. Al Jazeera. <https://www.aljazeera.com/blogs/africa/2015/02/battle-intelligence-south-africa-ssa-spy-cables-guardian-security-150224170928946.html> (5 Mei 2020 geraadpleeg).

- Khampepe-Kommissie van Onderzoek na die mandaat en ligging van die Direkoraat vir Spesiale Operasies (DSO). 2006. Finale verslag. https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/khampeperptfinal-feb061.pdf (11 November 2020 geraadpleeg).
- Kasim, Y.K. 2013. Securitization and de-securitization in Indonesia's democratic transition: A case study of Aceh separatist movement. Referaat gelewer by die 8ste Pan-European Conference on International Relations, Warskou, 18–21 September.
- Lepapa, N. 2017. Challenges to holding free and fair elections in Africa. <https://www.africanexponent.com/post/8332-why-its-hard-for-elections-in-africa-to-be-free-and-free> (5 Mei 2020 geraadpleeg).
- Lipschutz, R. (red.). 1998. *On security*. New York: Columbia University Press.
- Lutz, G. 2006. The interaction between direct and representative democracy in Switzerland. *Journal of Representative Democracy*, 42(1):45–57.
- Mafeje, A. 1998. Democracy, civil society and governance in Africa. <https://citeseerx.ist.psu.edu/viewdoc/download?doi=10.1.1.452.3807&rep=rep1&type=pdf> (2 Oktober 2020 geraadpleeg).
- . 2002. Democratic governance and new democracy in Africa: Agenda for the future. Aanbieding tydens die African Forum for Envisioning Africa. Nairobi, Kenia, 26–29 April. <http://www.foresightfordevelopment.org/sobipro/download-file/46-222/54> (11 November 2020 geraadpleeg).
- Maringira, G. en T. Masiya. 2017. When the military become a security and political threat: Zimbabwean army generals in electoral politics. *African Security Review*, 26(7):399–412.
- Michels, R. 2001. *Political parties. A sociological study of the oligarchical tendencies of democracy*. Vertaal deur E. Paul. South Kitchener: Batoche Books.
- Mwanza, K. 2016. Banning social media is quickly becoming a trend in Africa. So who's next? *Afkinsider*. <http://afkinsider.com/129544/banning-social-media-is-becoming-a-trend-in-africa-so-whos-next> (4 Oktober 2020 geraadpleeg).
- Nelson, C. 2018. Die rol van politieke partye en verkiesings in die konsolidering van demokrasie in samelewings, met spesiale verwysing na eietydse Suid-Afrika. *LitNet Akademies*, 15(3):310–50. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2018/12/LitNet_Akademies_15-3_Nelson_310-350.pdf.
- Onafhanklike Verkiesingskommissie van Suid-Afrika. 2014. National and provincial elections, 7 Mei. <http://www.elections.org.za/content/Elections/Election-reports> (5 Mei 2020 geraadpleeg).
- Ramose, M.B. 1999. *African philosophy through "ubuntu"*. Harare: Mond Books.

- Raskin, M.G. 1976. Democracy versus the National Security State. *Law and Contemporary Problems*, 40:189–220. <https://scholarship.law.duke.edu/lcp/vol40/iss3/7> (5 Oktober 2020 geraadpleeg).
- Ronceray, M. en B. Byiers. 2019. Elections in Africa – Playing the game or bending the rules? *ECDPM Discussion Paper* (261). <https://ecdpm.org/wp-content/uploads/Elections-Africa-Playing-Game-Bending-Rules-ECDPM-Discussion-Paper-261.pdf> (4 Oktober 2020 geraadpleeg).
- Rupyia, M. 2019. The military and politics in South Africa. How Ramaphosa “dodged a coup” after the ANC’s 2017 succession. In Rupyia e.a. (reds.) 2019.
- . 2020. SANDF example shows how we can rethink African peace and security architecture. <https://mg.co.za/article/2020-04-29-sandf-example-shows-how-we-can-rethink-african-peace-and-security-architecture> (5 Mei 2020 geraadpleeg).
- Rupyia, M.R., L. Teffo, S. Gutto en R. Gray (reds.). 2019. *A glass half full or half empty? The challenges of political succession and elections in Africa*. Kaapstad: Ssaali Publishing House.
- Schumpeter, J.A. 1976 [1942]. *Capitalism, socialism and democracy*. New York: Harper and Row.
- Thomson, A. 2010. *An introduction to African politics*. Routledge: New York.
- UNDP (United Nations Development Program). 2009. Elections and conflict prevention: A guide to analysis, planning and programming. <http://www.undp.org/content/dam/aplaws/publication/en/publications/democratic-governance/dg-publications-for-website/elections-and-conflict-prevention-guide/Elections-Conflict-Prevention.pdf> (5 Mei 2020 geraadpleeg).
- United Nations. s.j. The Universal Declaration of Human Rights. <https://www.un.org/en/universal-declaration-human-rights> (5 Mei 2020 geraadpleeg).
- . s.j. International Covenant on Civil and Political Rights. <https://www.ohchr.org/en/professionalinterest/pages/ccpr.aspx> (5 Mei 2020 geraadpleeg).
- Van Donk, M. en A. Williams (reds.). 2016. Claiming local democratic space. Perspectives from civil society on local governance in South Africa. *Good Governance Learning Network*. http://afesis.org.za/wp-content/uploads/2016/10/State-of-Local-Governance-SoLG-PublicationState-of-Local-Governance_Reclaiming-Local-Democratic-Space.pdf (11 November 2020 geraadpleeg).
- Velthuisen, A.G. 2019. Stabilisation or disruption: Managing security forces for democratic elections in Africa. In Rupyia e.a. (reds.) 2019.
- Vreÿ, F. en H. Solomon. 2020. COVID-19 as a security threat: Some initial perspectives. *SIGLA Research Brief*, 7. <https://www.ufs.ac.za/templates/news-archive-item-more/research/2020/april/covid-19-as-a-security-threat-some-initial-perspectives> (5 Mei 2020 geraadpleeg).
- Waeber, O. 1998. Securitization and desecuritization. In Lipschutz, R. (red.). 1998.

Williams, M.C. 2003. Words, images, enemies: Securitization and international politics. *International Studies Quarterly*, 47(4):511–6.

Wiredu, K. (red.). 2004. *A companion to African philosophy*. Oxford: Blackwell Publishing.